# BOEKBESPREKINGS

Schulze, Prof. dr. L. F. *Geloof deur die eeue.* N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria, 1978. 264 blss. Prys R7,75.

Die verskyning van 'n werk oor die dogmageskiedenis in Afrikaans voorsien in 'n groot behoefte. Hierdie werk van prof. Schulze kan om hierdie rede reeds verwelkom word. Veral studente het uitgesien na 'n werk wat die groot lyne van die dogma-ontwikkeling deur die eeue op 'n prikkelende wyse trek tot by die probleme van ons tyd. Hierdie werk van Schulze voldoen aan hierdie voorwaardes en stem tot nadenke.

1. Die skrywer gee in die "Voorwoord" self sy *doel* met die werk: "Die bedoeling was dus nie om 'n 'geleerde' werk die lig te laat sien nie, maar om aan studente en belangstellendes 'n eenvoudige oorsig van die dogmageskiedenis in die hand te gee — iets wat in hierdie stadium in ons land ontbreek." (p. 1). Hy het veral die Swart studente in die oog vandaar dat aanhalings van konfessies en uitsprake van sinodes met opset in Engels gegee word, (p. 2) en sy bede is "dat hierdie boek 'n beskeie deel mag bydra in die vorming van ons studente." (p. 3).

2. Om sy gestelde doel te bereik, het die skrywer doelbewus die historiese metode gekies. "By die 'historiese' metode word die dogmageskiedenis globaal oorsien en word daar aangetoon hoe sekere temas in bepaalde periodes van die geskiedenis in die middelpunt van die belangstelling gestaan het en in 'n belydenis geformuleer is." (p. 1) Noodwendig moes 'n keuse uit "die rykdom van gegewens" gedoen word. (p. 1) Daarmee weet die leser dat hy 'n globale, beknopte oorsig van die dogmageskiedenis moet verwag en daarin het die skrywer myns insiens geslaag.

3. As 'n noodsaaklike aanloop tot die inhoud word in die "Inleiding" in nege paragrawe oor "Dogma en Dogmageskiedenis" gehandel. Dogmageskiedenis word afgegrens teenoor kerkgeskiedenis en simboliek. Dit "wil veral die oorspronge en die groei van die dogma nagaan totdat dit uitkristaliseer in die formuleringe soos deur die kerklike vergaderinge aanvaar is." (p. 5) Daarom is dit 'n teologiese dissipline in eie reg. (p. 5).

Die vraag of dogmageskiedenis nodig is, hang met die vraag of dogma nodig is, saam. Die antwoord daarop vind die skrywer in sy definisie van 'n dogma: "'n Dogma is in wese 'n belydenis." (p. 12) Verderaan: " . . . dat dogmas in wese konfessies is." (p. 16) By die gesag van die dogma betrek Schulze ook 'n subjektiewe element: „Die ooreenkoms met die Skrif is daar, maar ten slotte is dit die Gees wat jou oë vir die waarheid open sodat jy dit omhels en Christus kan bely." (p. 16). Sonder hierdie "persoonlike betrokkenheid van die persoon wat bely," (p. 16) is die waarheid van die Heilige Skrif nog nie 'n dogma nie. Sekerlik is die skrywer se bedoeling nie — as ek hom reg verstaan — om in die dogma die objektiewe waarheid van die Skrif van die subjektiewe aanvaarding afhanklik te maak nie.

4. In hoofstuk 1 handel die skrywer oor die kanon en die Twaalf Artikels, wat "as die eerste 'dogma' in die sin van 'n leerstellige belydenis wat die kerk vasgelê het," beskou kan word. (p. 20) 'n Vraag wat ontstaan het, is: As die vasstelling van die kanon as die eerste dogmavorming beskou word, waarom is in hierdie "moedersimbool van die Christendom" (p. 31) die Twaalf Artikels, dit nie beliggaam nie?

5. Die Triniteitsdogma in sy ontwikkeling word as 'n fundamentele saak beskou, wat nie alleen histories naby die begin van die dogmavorming geleë is nie maar ook logies na die belydenis oor die Heilige Skrif waardeur God Hom openbaar het, volg. (Hf. 2). Dit is fundamenteel omdat dit om God en sy Selfopenbaring gaan. Pas nadat die stryd om die Triniteitsleer finaal by Konstantinopel (381) beslis is, en terwyl die Christologiese stryd nog na sy hoogtepunt beweeg het (Hf. 3), het 'n aspek van die Christelike geloof wat uit die antropologie die tema het "die mens en God se verhouding tot die mens" (p. 116) na vore gekom. (Hf. 4) Hierdie leer van sonde en genade sou die uniekheid van die Christendom teenoor ander godsdienste en ook die Joodse geloof nog verder beklemtoon.

Waardevol is dat die skrywer aantoon hoe deur die dwalings by die fundamentele leerstukke die hele evangelie verdraai word en die teologie op 'n verkeerde spoor gelei word, byvoorbeeld by Pelagius: "Met die veroordeling van Pelagius en Coelestius het die kerk verhoed dat die evangelie verdraai word tot 'n etiese hervormingsprogram op die grondslag van die vrye wil van die mens." (p. 129).

Schulze ken aan die dogmahistorikus die taak toe om die betekenis van die dogmas vir vandag na te speur. (p. 18) Telkens trek hy dan ook die lyne deur na ons tyd, vergelyk byvoorbeeld: "Die tweede helfte van die twintigste eeu, die tyd van die 'mondige mens', ly, soos die tyd van Maleagi (2:17), onder die 'afwesigheid' van God. Die samehang van die mondigheid van die mens en die afwesigheid van God is nie toevallig nie; . . ." (p. 73) So word byvoorbeeld ook die lyn vanaf die "Ebionitiese Christologie" deurgetrek tot by die onskuldige "liewe Jesus teologie." (p. 80) Daardeur win die werk vir ons aan waarde en betekenis.

6. Na die sesde eeu was die "fundamentele waarheid van die Christelike geloof omskryf en bely." (p. 147) Verdere ontwikkeling was stadiger en het gehandel oor "sekere ondergeskikte aspekte van die Christelike geloof, byvoorbeeld die besinning oor die sakramente (die Middeleeuse stryd) (hf. 5); oor die toeëiening van die heil, waarby die hele heilswerk van God in Christus weer ter sprake kom (Reformasie); . . ." (hf. 6) (p. 147) Uitgaande van die eenheid van die waarheid is dit myns insiens nie alleen 'n moeilike taak nie, maar kan dit ook 'n weg vol gevare wees om tussen "fundamentele" dogmas en "ondergeskikte aspekte" te onderskei. Dit bly 'n vraag of Schulze reg is om die belydenis oor die sakramente as 'n ondergeskikte aspek van die dogma van die kerk te sien. As hy selfs die toeëiening van die heil, dit wil sê die waarheid waarom die Reformasie gevoer is as 'n "ondergeskikte aspek" van die dogma noem, word daardeur nie die reg en betekenis van die Reformasie betwyfel nie?

Schulze wil "fundamenteel" ook in die sin verklaar as dit wat die gemeenskaplike erfenis van Roomse, Oosters Ortodokse en Protestantisme is, (p. 148), wat as 'n basis vir die ekumeniese gesprek tussen kerke kan dien. (p. 148). Vir die ekumeniese gesprek wil hy dan as basis neem die dogmas wat nog gemeenskaplik bely word. Dit is seker 'n goeie aanvangspunt vir die ekumeniese gesprek solank die rykdom van die belydenis nie ter wille van een of ander ekumeniese ideaal gereduseer word nie.

7. In die behandeling van die Reformasie, waardeur die dogma van die regverdiging (hf. 6) in die lig gestel word, word die vraag na die verskille tussen Luther en Calvyn beantwoord: "Hierdie verskille wat van sekon-

dêre belang is, is veroorsaak deur verskille in persoonlikheid en ook deur verskille in die situasie van twee manne: *Luther*, wat die Reformasie begin het, moes versigtig en stadig beweeg, terwyl *Calvyn*, wat tot die volgende geslag behoort het, in die lig van die kontrareformasie skerp en beslis moes optree." (p. 202) Die vraag kan egter gestel word of ons net met 'n "verskil in aksent" (p. 202) (behalwe die werklike verskil in die Nagmaalsleer, p. 203) te doen het as die fokuspunt van Luther se teologie en belydenis in die soteriologie lê en by Calvyn in die eer van God? Is die verskille tussen die Lutherse en Calvinistiese belydenisse van sekondêre belang?

8. Hoofstuk 7 bevat "Die moderne Rooms-Katolieke Dogma", waarin gehandel word oor die dogmas van die onbevlekte ontvangenis van Maria, die onfeilbaarheid van die Pous en die hemelvaart van Maria. In die laaste hoofstuk (8) word oor "Die Dogmatiese ontwikkeling binne die moderne Protestantisme" geskryf. Die doel met hierdie hoofstuk is nie soseer om Dogmageskiedenis te gee nie, maar te dien "as 'n oriëntering ten opsigte van kragte en strominge wat binne die moderne Protestantisme aan die werk is en wat die verstaan, waardering en interpretasie van bestaande dogmas en moontlike toekomstige dogmavorming kan beïnvloed." (p. 255/6).

9. Die N.G. Kerkboekhandel het gesorg vir 'n tegnies goedversorgde boek met 'n aantreklike, harde buiteblad. Dit is stewig gebind en in 'n lettertipe gedruk wat dit maklik laat lees. As daarby gevoeg word dat prof. Schulze in 'n helder en vloeiende styl skryf, maak dit die lees daarvan des te genotvoller.

10. Hierdie boek toon dat prof. Schulze met fyn onderskeiding geskryf het en die stof goed beheers. Dit is 'n werk wat elke Gereformeerde student, en ook predikant, met vrug kan lees en wat as Gereformeerde literatuur 'n waardige plek op die boekrak kan inneem.

P. J. PELSER.

I.B.C.-Reeks F. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. "*Kontak en Kommunikasie.*" Potchefstroomse Universiteit vir CHO Potchefstroom 1976. 157 Bladsye. Prys: R3,00.

Die doel van hierdie publikasie is, om vanuit Gereformeerd-Christelike gesigspunt te probeer deurdring tot die denkwyse, geloofswêreld en lewensbeskoulike opvatting van "die Afrikaan." In 'n sestal artikels word hierdie doel vanuit verskillende hoeke nagestreef deur teoloë, filosowe en volkekundiges.

Dr. B. J. van der Walt vergelyk in die eerste hoofstuk die Bantoedenke met dié van die Westerling. Een van die probleme in dié verband is dat die meeste materiaal oor die denke van die Bantoe, deur Westerlinge geskryf is. 'n Vergelyking van die twee denkwyses bring volgens die skrywer, die volgende aan die lig: Die swartman dink integraal-religieus terwyl die Westerling sy religieuse oortuigings en daaglikse lewe gewoonlik skei. By die Westerling is daar 'n kritiese ingesteldheid teenoor statiese tradisiegebondenheid by die Bantoe. Direkte ervaring is belangriker vir die Bantoe as die sistematiese verkenning van die Westerling. Die Westerling se denke is baie meer klinies en emosieloos as dié van die Bantoe. Die Bantoe spits hom toe op die nuttigheidsaspek, terwyl die Westerling meer objektief redeneer. Magiese denke by die Bantoe word gestel teenoor wetenskaplike saaklikheid by die Westerling.

Ondanks die "belemmeringe" van 'n eie Westerse siening, soos deur die skrywer self erken, gee die artikel tog waardevolle rigtingwysers vir beter onderlinge begrip en moontlike verdere ondersoek.

In die tweede artikel oor Bantoefilosofie waarsku die skrywer, dr. H. van der Wateren, teen te haastige gevolgtrekkings oor so 'n filosofie. Die gevaar is dat growwe veralgemenings oor "Die Bantoe" gemaak kan word, terwyl daar baie verskille is onder etniese groepe.

Die volgende algemene trekke word egter wel onderskei:

1. Daar is meesal 'n vae begrip van 'n opperwese. Omdat hy sy bestaan in terme van 'n sigbare verlede en sigbare lewenskrag verklaar, is die idee van 'n opperwese wat alles onderhou, irrelevant vir die Bantoe.

Voorouerverering is die basis van die Bantoe se lewensbeskouing. Sy kragbeskouing is baie belangrik, en op sy beurt het magie 'n groot invloed op dié kragtebalans. In sy stamverband beleef hy dié elemente konkreet, en sy hele lewe word daardeur beïnvloed.

Wanneer die Bantoe met 'n Godsbegrip gekonfronteer word wat leer van 'n skepping, sondeval, verlossing en genade, ontstaan botsings en verwarring in sy gemoed. Die neiging is dan om die botsende elemente op 'n sinkretistiese wyse met mekaar te versoen. Soos ook in die eerste artikel gestel, meld die skrywer ook dat ons hier te doen het met 'n voortdurende ontwikkelingsproses waaruit hoogstens sekere tendense aangedui kan word as aanpassings in 'n vreemde religieuse, politieke, ekonomiese- en maatskaplike bedeling.

Nou aansluitend by hierdie artikel is dié van Prof. J. A. van Rooy. Hy toon op skematiese wyse aan dat daar in die Bantoe-denke 'n rangorde van kragte bestaan. Daar is 'n beperkte hoeveelheid lewenskrag, en menslike verhoudinge word sterk hierdeur bepaal en beïnvloed. Geeste en magie speel ook in die verband 'n baie belangrike rol. Prof van Rooy dui dan duidelik aan hoedat die Christelike godsdiens op sinkretistiese wyse binne die Bantoedenkraamwerk geakkommodeer word. Hy toon aan hoedat die evangelie antiteties verkondig moet word om werklik die Bantoe-denkwyse by sy wortel te deurbreek. Die uniekheid van die Evangeliebo( lskap moet duidelik aangetoon word.

Hierná word waardevolle aanduidings gegee oor hoe die aanvangsprediking in heidense omstandighede moet wees. Van groot waarde vir die praktyk is ook die konkrete voorbeelde wat in dié verband genoem word.

Die laaste gedeelte van die artikel handel oor die prediking van die Ou- en Nuwe Testament in konfrontasie met die Bantoereligie. Ook hierdie deel bied waardevolle riglyne vir 'n sinvolle, konfronterende prediking van die Woord sodat die hart van die Bantoereligie aangespreek word. Prof. van Rooy se lang praktiese ondervinding op die sendingveld blyk ook hier van onskatbare waarde te wees.

In sy beskouing oor Heidense reste in die jong kerke bespreek Prof. L. J. Botha twee studies in dié verband wat in verskillende dele van die land uitgevoer is. (Prof G. C. Oosthuizen in die Ciskei, Dr. A. G. Schutte in Meadowlands, Soweto.).

Beide studies toon aan dat daar nog ontstellend baie heidense reste in die Christelike kerke oorgebly het. Uit 'n proefskrif van Vilakazi word egter ook aangetoon dat die Zoeloe tog die uniekheid van die Christelike geloof besef.

Prof Botha toon voorts aan dat die swartman dikwels deur 'n proses van onbewuste kondisionering, heidense opvattinge bly behou, al is hy opreg in sy aanvaarding van die Christendom. Daar rus 'n groot taak op die kerk om deur 'n voortgesette program van onderrigting, die jong Christene te leer om *alles* te onderhou wat Christus aan die kerk beveel het. Die sendbriewe van Paulus is 'n mooi voorbeeld van so 'n voortgaande onderrigtingsproses.

Ten einde 'n beter gebalanseerde mening te kan vorm oor heidense reste in die kerke, sou dit goed gewees het indien meer studies as dié opnames van Oosthuizen en Schutte in Prof. Botha se artikel bespreek kon word.

Dr. C. J. Maritz bespreek in 'n baie insiggewende artikel enkele politieke gevolge en implikasies van akkulturasie in Suid-Afrika.

Die verskillende fasette van die akkulturasieproses word in die algemeen bespreek, en daarna word dit op die Suid-Afrikaanse omstandighede toegepas.

a) Eers is daar 'n kontakfase tussen individue van twee groepe wat min of meer vriendelik verloop.

b) Namate kontak oor 'n breër front toeneem, lei dit gewoonlik tot 'n konfliksituasie waar die oorwinnaar 'n politieke gesagsposisie verkry en bestaansvoorwaardes voorskryf.

c) Hierná word die heersende groep aan- en deur die onderworpenes voorgehou as model om na te volg. Aangesien die oorheersde groep egter nooit deur die heersersgroep aanvaar word nie, ontstaan daar:

d) 'n Psigologiese opbou teen die bestaande orde.

Volgens Dr. Maritz is toestande in Suid-Afrika reeds in fase (d) hierbo. Die ontwakende swart bewussyn is hiervan 'n simptoom. Wat akkulturasie betref, is die swartman in Suid-Afrika in dié stadium waar sy etniese persoonlikheid tans weer herleef.

As die politieke implikasies van bogenoemde onder die vergrootglas geplaas word, blyk dit dat akkulturasie die gesagstrukture by die Swartman grondig aangetas het. Toekomstige staatkundige strukture sal moet rekening hou met swart tradisionaliste sowel as diegene wat ver gevorder is op die akkulturasie-pad na 'n meer moderne staatsbestel.

Ander sake wat dringend aandag sal moet geniet, is sneller ontvoogding, realistiese grondverdeling en erkenning van etniese verskille, omdat akkulturasie nie assimilasie is nie (fase c en d hierbo illustreer dit duidelik).

Dr. Maritz konkludeer dat die enigste politieke struktuur wat geleentheid bied tot ontlading van die opgeboude en opbouende druk, 'n struktuur van magsdeling is waar elk sy eie land het om hierdie nasionalistiese kragte positief te benut.

Dr. Maritz se wetenskaplike toepassing van volkekundige beginsels op ons politieke omstandighede, stem beslis tot nadenke, en toon aan hoe ononrusbarend ver die proses van polarisasie tussen wit en swart reeds gevorder het.

'n Noodsaaklike en welkome bydrae tot die bundel is 'n bespreking van Afrika-Sosialisme, met spesifieke verwysing na Leopold Senghor. Die Marxistiese Sosialisme is vreemd aan Afrika en het derhalwe sover min aanklank gevind. Afrikasosialisme beklemtoon egter ook gemeenskaplike grondbesit en

ontmoedig privaat inisiatief. Die belange van die individu moet in volksbelang opgeoffer word, terwyl daar ook gesoek word na 'n eie kulturele identiteit vir Afrika.

Leopold Senghor se filosofie word behandel as voorbeeld van Afrika-sosialisme. Die belange van die gemeenskap is altyd deurslaggewend. Een enkele party moet as spreekbuis van die volk optree, en ook die owerheid is dienaar van die party.

Die materialisme, die klassestryd, revolusie en diktatuur van die Marxisme word verwerp, terwyl Afrika-Sosialisme in teenstelling met internasionale Marxisme, 'n sterk *nasionale* inslag het.

Mnr. Potgieter sien, by al die verwerplike aspekte van Afrika Sosialisme, die noodsaaklikheid dat die Calvinisme 'n alternatief moet uitwerk vir Sosialisme sowel as Kapitalisme. 'n Groter begrip vir dié probleme wat die Afrika-sosialisme blootgelê het, is noodsaaklik.

Hierdie bundel is besonder waardevol vir elkeen wat dit sy erns maak om 'n beter begrip te vorm van die swartman, sy denke, sy toekoms, sy aspirasies en die Christen se roeping om die evangelie verstaanbaar te verkondig.

Anton van Rensburg.

Dr. A. Troost. *Theologie of Filosofie?* Een antwoord op „Kritische aantekeningen bij de wijsbegeerte der wetsidee" van dr. J. Douma. J. H. Kok, Kampen.

Hierdie publikasie uit die pen van die bekende Nederlandse filosoof en etikus, Dr. A. Troost, vorm deel van 'n diskussie wat reeds lank aan die gang is en ook nog nie afgehandel is nie, tussen Troost en Prof. Dr. J. Douma, hoogleraar in die teologiese etiek, met ook 'n leeropdrag t.o.v. wysbegeerte aan die Teologische Hogeschool van De Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt— „binnen verband") te Kampen. In hierdie betrokke publikasie antwoord Troost uitvoerig en deeglik-wetenskaplik op die standpunt van Douma soos veral uiteengesit in 'n „zeer kritische lezing over de wijsbegeerte der wetsidee", gehou in September 1976 voor 'n aantal dosente in die reformatoriese wysbegeerte. Troost verwys egter ook na ander publikasies van Douma.

Ongelukkig was die besondere lesing van Douma nie in S.A. beskikbaar om saam met die antwoord van Troost te bestudeer met die oog op deeglike bespreking nie. Dit is verder nodig om 'n gedeë kennis van die wysbegeerte van die wetsidee te hê en die ontwikkeling daarvan om al die standpunte deeglik te kan weeg. Ons wil poog om vanuit 'n meer teologiese agtergrond enkele opmerkings te maak oor die standpunt van Troost.

Dit is naamlik ook vir ons in S.A. van groot belang om kennis te neem van die onderhawige diskussie. Troost sê dit self dat die kritiek vanuit die kring van Prof. Dr. H. G. Stoker c.s. op verskeie punte aansluit by die kritiek vanuit vrygemaakte kring op die Wysbegeerte van die wetsidee. Troost het ook uit S.A. versoeke ontvang om te antwoord op Douma se standpunt. Dit is verder ook belangrik in die roeping om self te besin oor die verhouding tussen filosofie en teologie. Die diskussie tussen Troost en Douma raak dan ook verskeie van die kernpunte waaroor daar in die wysbegeerte van die wetsidee gehandel word.

Troost vra vooraf die vraag of dit enige sin het om die diskussie voort te sit, aangesien dit reeds duidelik is dat hy en Douma dit waarskynlik op geen enkele punt eens is nie. Hy gee ook toe dat Douma ten volle op hoogte is met die wysbegeerte van die wetsidee en dat hy Troost en andere (o.a.

veral Dooyeweerd) se standpunte saaklik juis en ewewigtig weergee. Hy ag dit nietemin sinvol om die diskussie voort te sit aangesien hy onderneem het om op die standpunt van Douma te antwoord en ook hoop om enige misverstande op te klaar.

In sy antwoord op Douma se kritiek volg hy lg. se hoofstukindeling in die betrokke lesing op die voet en handel agtereenvolgens oor die volgende sake: Konfessie; Kerk; Pistiese funksie; Skeppingsopenbaring; die Hart, konsentrasiepunt van die kosmos; Bo-tydelikheid van die hart; Grondmotief; Soewereiniteit in eie kring; Filosofie-teologie. Enkele belangrike sake wat ons graag hier noem is die volgende: Douma se eerste punt van kritiek is dat hy nie saamstem dat 'n calvinistiese wysbegeerte wat sy arbeid by die lig van die Skrif wil beoefen nie aan die drie formuliere van eenheid gebind kan word nie. Troost verskil in die eerste plek van Douma se standpunt dat die belydenis die Skrif behoort „na te spreek" en sou eers 'n aantal kritiese teologiese vrae wou stel t.o.v. die belydenis se aard en funksie, gesag en grense ens. Verder antwoord hy dat hy as wysgeer hom besig hou met 'n teoretiese struktuurondersoek terwyl nóg die Skrif nóg die belydenis 'n antwoord bied of probeer bied op 'n wysgerige probleem. Troost wil praat van drieërlei binding t.o.v. die konfessie, nl. 'n tipies-kerklike, nie tipies-kerklike, en 'n morele binding. Ook wat die kerk betref loop die standpunte van Troost en Douma skerp uiteen. Troost toon die invloed aan van Schilder se denke op die standpunt van Douma terwyl lg. oortuig is dat die Wysbegeerte van die wetsidee beslissende invloed ondergaan het van Kuyper, veral oor die opvatting van die sg. onmiddellike wedergeboorte. Troost stel by herhaling die standpunt dat die W.d.W. (Wijsbegeerte der wetsidee) op geen enkele punt teologie is nie en dus vanuit 'n heel ander hoek die kerk beoordeel as die tradisionele Christelike standpunt wat die kerk sien as die belangrikste samelewingsverband (p. 17). Hy ontken verder dat die W.d.W. daarop ingestel is om 'n waardeleer op te stel.

In die diskussie oor die Pistiese funksie gaan dit veral oor die kritiese vraag van Douma: „Kan er wel van geloven of van geloof gesproken worden áfgedacht van een inhoud?" Troost se antwoord is nee, maar dit raak volgens hom nie Dooyeweerd se leer van die pistiese funksie nie. Dit is opmerklik dat Troost op feitlik elke punt van Douma se kritiek antwoord met die argument dat Douma c.s. die standpunt van die W.d.W. nie verstaan nie, die wysgerige probleemstelling „zelfs niet in het vizier krijgt" ens. Dit tref dan ook dat Troost op feitlik elke punt wel teologies met Douma saamstem maar nie wysgerig nie. Troost beskuldig Douma verder van theologisme, 'n teoretiese ontsporing, en verdedig die bestaansreg van 'n Christelike wysbegeerte naas die teologie. Later in die boek kom hy weer daarop terug dat Douma volgens hom 'n sekere primaat van die teologie wil handhaaf en alle filosofie wil uitban. Hy wys ook daarop hoedat teoloog en filosoof langs mekaar heen praat. So word dieselfde sitate uit Dooyeweerd deur hulle albei gebruik om uiteenlopende standpunte te motiveer.

Ons sou uit die res van die publikasie telkens kon aantoon hoedat Troost meen dat die kritici die wysgerige idee nie verstaan nie. So o.a. op p. 44 waar Douma beskuldig word van 'n misverstaan van die reformatories-wysgerige antropologiese (en kosmologiese) grondidee. Volgens Troost gaan dit bv. in die diskussie oor die bo-tydelikheid van die hart, vir Dooyeweerd om „een de kosmische tijd transcenderende centrale bewustzijnsrichting" (p. 45). Wanneer hy handel oor die kwessie van 'n beheersende grondmotief wys Troost

daarop dat Douma alleen bedenkinge het teen die uitwerking daarvan, wat volgens Douma onderwerp behoort te word aan die Skrif as toetssteen.

In die slothoofstuk behandel Troost die verhouding tussen filosofie en teologie. Hy wys op die plek en funksie wat die wysbegeerte moet inneem en vervul naas die teologie. Hy beskuldig Douma C.s daarvan dat hulle die teologie as die koningin van die wetenskappe sien en wil handhaaf en antwoord op dieselfde beskuldiging wat weer vanuit teologiese kring aan die adres van die W.d.W. gerig word.

By gebrek aan ruimte is dit onmoontlik om op alle standpunte, argumente en teen-argumente in te gaan. Opsommend meen ons dat Troost in hierdie werkie wil antwoord op die kritiek dat die W.d.W. oor belangrike sake (ons insiens in die meeste gevalle „suiwer teologiese" sake of dan sake waaroor ons die finale antwoord alleen in die Skrif kan vind, soos bv. die Konfessie en die Kerk) nie genoeg die Skrif „naspreek" nie. Hy probeer verder aantoon dat die kritiek berus op misverstand of onkunde oor wat die W.d.W. werklik wil sê of bereik, of as sy eie terrein van ondersoek sien. Laastens beklemtoon hy die spesifieke plek en funksie van die wysbegeerte.

Vanuit teologiese hoek sou ons net 'n enkele kritiese vraag wou vra. Dit is nl. vir ons nie duidelik hoedat die filosofie hom kan uitlaat oor spesifieke teologiese kwessies terwyl hulle tog sê dat hulle wysbegeerte geheel buite die „schootsveld" van teologiese redenering staan. Myns insiens het ons hier te doen met een van die kernprobleme in die verhouding filosofie/teologie. Ook in ons eie besinning moet daar gekonsentreer word op vrae soos die binding van die filosoof aan die Konfessie, die unieke plek van die Kerk, die verhouding van die Calvinistiese wysbegeerte tot die Woord, die eie plek en funksie van sowel die filosofie as die teologie.

Dit is daarom baie noodsaaklik om kennis te neem van hierdie keurig versorgde publikasie van Dr. A. Troost, waarin indringend oor al hierdie sake gehandel word en die hoop ook uitgespreek word dat die gesprek mag voortgaan. Ons wil dit van harte aanbeveel by elke filosoof en teoloog.

Ds. C. F. C. COETZEE.

Van Bruggen, Dr. J. *Het Huwelijk Gewogen*, 1 Korinthe 7. 1978. R9,48. p. 138.

Dr. Van Bruggen het in hierdie boek 'n grondige vers tot vers eksegese gedoen. In die huweliksproblematiek wat in Holland, by ons en in die hele Westerse wêreld vandag bestaan, is dit 'n helder Skriftuurlike stem wat terugroep na 'n hoë waardering vir die huwelik maar wat tog duidelik die klem laat val dat die hoogste roeping, ook van die ongetroude en die vrou, gevind word daarin dat elkeen die Here dien. Die skrywer ontleed baie duidelik hoedat daar by Paulus nie 'n onder- of oorwaardering van die huwelik is nie.

In enkele gevalle sou 'n mens miskien 'n ander eksegese verkies het bv. dat „brand" in vers 9 sien op die oordeel van God. Ook dat in vs. 24 verstaan moet word die persoon, nl. Jesus in wie iemand geroep is i.p.v. die staat waarin iemand geroep is, kan miskien eerder in lg. sin verstaan word.

Die hoofstukke dra die volgende opskrifte: Eros is geen god; De christelijke beleving van het huwelijk; Het voorrecht van de ongehuwde staat; God haat de echtscheiding; Gemengde huwelijken; Leven met een uitnodiging; Bij de tijd blijven; Opvoeding en huwelijk. Hierbenewens is daar 'n vyftal nuttige bylaes en 'n teksregister.

Die boek het 1978 vir die eerste keer verskyn en het reeds die derde druk beleef! Blykbaar is dit dus reeds elders ontvang soos ek dit ook graag wil aanbeveel nl. as 'n onmisbare boek vir elke predikant met die oog op so baie advies wat oor die huwelik gegee moet word.

M. A. KRUGER.

Floor, Dr. L. *Het Gericht van God Volgens het Nieuwe Testament*. Buijten en Schipperheijn, Amsterdam, 1979. 16,90 gulden. 159 p.

In 'n tyd waarin die gerig van God veral a.g.v. ekumenisme en verpolitisering en sosialisering van die teologie al meer gesien word as iets wat net binne die geskiedenis van hierdie bedeling bestaan, is die verskyning van hierdie boek van besondere belang. Die skrywer stel die verhouding tussen God se gerig *in* die tyd en sy *eindgerig* baie suiwer.

Die opdrag aan die kerk is om die Evangelie te verkondig, dus positief. Tog leer die N.T. duidelik dat die oordeel nie verswyg mag word nie. Prof. Floor sê dit ook van Jesus: „We moeten wel goed bedenken, dat de verkondiging van Jezus in de eerste plaas heilsverkondiging is.... En toch, in Jezus' prediking klinkt telkens de gedachte van het komende oordeel mee," p. 32.

Die gerigsprediking van Johannes die Doper, van Jesus volgens die Sinoptici, in die Evangelie volgens Johannes, in die oudste prediking in Handelinge, in die briewe van Paulus, in Hebreërs, in Jakobus, in Petrus, in Judas en in die Openbaring van Johannes word agtereenvolgens behandel. Daarbenewens handel die eerste hoofstuk oor die prediking van die oordeel en die laaste hoofstuk oor die universaliteit van die oordeel.

Hoewel die skrywer se hoofonderwerp die oordeel van God is, gee hy telkens genoeg kultuur-historiese en ander agtergrond sodat die oordeel reg begryp kan word.

Dwarsdeur die boek spreek die innigheid en bewoënheid oor die mensheid tot 'n mens. Besondere aandag word telkens aan die sendingsituasie gegee. Die eer van God word altyd duidelik voorop gestel. Die kleinheid en nietigheid van die mens voor God, sê die skrywer, is juis dan altyd vir homself duidelik wanneer ook die regte aandag aan die gerig gegee word. Die onderwerp mag miskien die gedagte wek dat daar 'n pessimistiese toon deur die boek sal klink. En tog slaag die skrywer daarin om 'n egte toon van blydskap deurgaans te toon!

Enkele aspekte wat minder geslaagd is, kan miskien genoem word. Die skrywer laat nie by die leser 'n duidelike beeld of die Swart volke voor die koms van die Christelike godsdiens nou werklik in die Hoogste Wese wat hulle in die tradisionele godsdiens geken het God of 'n afgod gedien het nie. Dat die Swartmense tradisioneel, net twee-dimensioneel, hede en verlede, en nie ook drie-dimensioneel, hede, verlede en toekoms, gedink het nie, is te sterk gestel. 'n Ander saak waarna krities verwys moet word, is die bewering op p. 25: „De evangelisten Mattheüs en Lucas wijzigen de tekst uit Jesaja, de Griekse vertaling van het Oude Testament, enigzins. In Jesaja is sprake van Gods paden, terwijl de evangelisten spreken van de paden van de Messias." In die Masoretiese teks staan in Jes. 40 3 HERE. Daar kan nie met sekerheid

'n lyn getrek word tussen aanhaling uit die LXX, die M.T. of 'n vrye weergawe van die inhoud nie. In die lig hiervan behoort nie van „wijzigen" gepraat te word nie.

Ek kan die boek van harte aanbeveel en skryf dit graag voor aan studente.

M. A. KRUGER.

B. J. van der Walt: *Die denkdekor van die reformasie,* 51 blss. s.b., R1,25. IBC, PU vir CHO. Calvyncauserie nr. 7.

Die publikasie beskryf die Reformasie in 'n stormagtige, wydgeskakeerde waterskeiding binne die geestelike denke van Wes-Europa en bied 'n oorsig oor verskillende beskouinge van, belangrike geestesstrominge voor en tydens die Reformasie. Calvyn se plek daarin geniet besondere aandag. Die konklusie wys veral op die unieke rol van die groot hervormer. Die literatuurverwysings is besonder waardevol.

B. J. v. d. Walt: *From Noyon to Geneva,* 71 blss, s.b., R2,00. IBC, PU vir CHO.

Hierdie reisbeskrywing (1977) volg die voetspore van Calvyn en wil meer mense aanmoedig om die inspirerende ervaring met 'n oog op die geestelike nalatenskap van Calvyn mee te maak. Gevolglik word dit Engels en met meer fotografiese materiaal aangebied. Dit het reeds in Afrikaans in Die Kerkblad verskyn. Dit is jammer dat die publikasie slegs gekram en in pamfletvorm gebind is. Die inhoud en foto's het 'n waardiger aanbieding regverdig.

B. J. v. d. Walt: *Contemporary research on the sixteenth century reformation,* 31 blss, R1,00. IBC, PU vir CHO. Calvyncauserie nr. 8.

Die eerste Calvyncauserie in Engels handel oor navorsing wat oor Calvyn in Europa (10 blss) en buite Europa (9 blss) gedoen word. Dit bevat uitvoerige bibliografiese verwysings in die voetnote. Dit illustreer die nuwe belangstelling vir Calvyn en die Reformasie, veral omdat die Calvinisme nie altyd die gedagterigting van Calvyn gevolg het nie en karikatuurbeelde oor Calvyn algemeen was. As sodanig het ons hier 'n waardevolle gids vir teologiese en geesteswetenskaplike studente. Tegelykertyd dien dit as waardevolle kommunikasiemiddel tussen persone, inrigtings en institute wat op hierdie terrein navorsing doen.

B. S.

A. S. M. van Jaarsveld en Feeskommissie: *Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Lindley* 1911 - 1978.

Die publikasie val saam met die eeufees van die dorp Lindley. Die gemeente het sy ontstaan te danke aan die „doleansie" van ds. S. J. du Toit en die Kerke onder die Kruis. Die eerste kerkraad is deur 'n lidmaat P. C. Oosthuizen bevestig (p. 17). In 1913 het die kerk in kerkverband met die Algemene Vergadering van Gereformeerde Kerke in die OVS getree. Politieke moelikhede het ook in die kerk reflekteer. As sodanig neem die geskiedenis van Lindley 'n eie karakter aan. Naas die geskiedenis word veral oor die ampte ook ander artikels van verskillende skrywers gepubliseer. Dit lewer 'n lesenswaardige publikasie.